

Maandag

Efe. 1: 1 – 14; Mat. 3: 13 – 17. Teks Efe. 1: 13 In Christus het die Heilige Gees wat deur God belowe is, julle as die eiendom van God beseël. Tema: "Die doop bevestig dat Christus ons in sy menswees insluit." Ons doop babatjies van gelowige ouers. Ons vat water, en terwyl ons die water oor hulle uitgooi sê die dominee: "Ons doop jou in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees." Hoekom ons hulle doop, wys twee teksverse ons: Efe. 1: 13: "In Christus het die Heilige Gees wat deur God belowe is, julle as die eiendom van God beseël." Die doop is 'n beseëling in Christus deur die Heilige Gees dat die babatjie vir wie ons doop die eiendom van God is – hy/sy behoort aan God en Efe. 1: 3: "Die doop is 'n beseëling dat God die Vader in Christus ons met al die seëninge van die Heilige Gees in die hemel geseën het." "Seëninge" beteken "goeie dinge". Die doop wys dat God die Vader ons kinders al die goeie dinge wat hulle nodig het as Vader vir hulle gee in Jesus, deur die Gees. Hier is 'n paar dinge wat ons moet verduidelik voordat ons hierdie woorde van die Here kan glo! Wat beteken dit om

"in Christus" te wees,

om "beseël te word",

om met die seëninge van die Gees geseën te word,

" om "die eiendom van God" te wees

en om 'n "waarborg te hê". Ons gaan al hierdie geloofsake verduidelik met 'n koevert, 'n skoon wit papier, 'n seël wat ons op 'n koevert plak en plakkertjies.

Babatjies kan nog nie sondes doen soos steel, vloek of mense seer maak nie. Hulle skree maar net as hulle honger is of iets hulle pla, maar dit is nie 'n sonde om so te skree en te kerm nie - al voel pa en ma dit pla hulle baie. Daarom kan ons sê hulle is so mooi skoon soos 'n wit PAPIER. Jy kan geen sonde by die babatjies wat ons doop aanwys of uitwys nie - net soos jy op 'n skoon vel wit papier geen kolletjie of vuil plek kan uitwys nie. Preekbeskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus Kriel.

Dinsdag

Efe. 1: 1 – 14; Mat. 3: 13 – 17. Teks Efe. 1: 13 In Christus het die Heilige Gees wat deur God belowe is, julle as die eiendom van God beseël. Tema: "Die doop bevestig dat Christus ons in sy menswees insluit." So van twee jaar ouderdom af dan verander al hierdie oënskynlike sondeloosheid (die spierwit papier) by babas. Die Engelse noem dit die "terrible two's." Dan kom hy/sy agter hy/sy het 'n eie wil en voel al so bietjie hy/sy het 'n eie persoon en dan begin dit alles. Hy/sy word kwaad omdat hy/sy nie sy/haar sin kry nie, hy/sy kyk pa so mooi in die oë en vat aan daardie mooi ornament van ma en wanneer sy/haar pa sê: "Moenie, dit vat nie, jy gaan dit breek!", dan gee hy/sy so mooi laggie en trek dit en laat dit val en breek! Doelbewus ongehoorsaam op twee jaar oud! En daarom is al die honde, katte en voëls wat in die huis is nou in gevaar! Hy/sy gaan hulle seermaak! Sodra die peuters hulle eie wil en persoon ontdek, begin hulle sondes doen! Hoe lyk hierdie skoon wit papier dan? Dit kry sulke klein kolletjies op, want dit is nog baie klein sondes! Maar nou is hy/sy soos 'n wit papier met kolletjies op! Omdat dit sulke klein goedjies is wat hy/sy doen en pa en ma sterker en groter as hy/sy voel, maak hulle asof dit nie regtig daar is

nie. En oupas en oumas, pastore en dominees, en sielkundiges help hulle en vertel hulle dit is eintlik onskuldig en maar net 'n manier waarop hulle hulself ontdek en grense toets! Hulle sê graag dat die klein sondes nie regtig sondes is nie! Maar peuters word kleuters gaan en wanneer hulle so vier of vyf jaar oud is gaan hulle pa en ma sien dat hulle jaloers en woedend op boeties en sussies is, hulle maak mekaar seer en maak dan asof hulle niks gedoen het nie. Nou lyk die sondes, die kolle én strepe wat ons op die skoon wit papier trek met 'n pen groter! En wanneer hulle tieners word en die pa's sê: "Jy ry nie met my kar nie", gaan hulle maak net soos toe hulle twee jaar oud was. Hulle kyk Pa in die oë kyk en ry later skelm met die kar. Nóú lyk dit soos regte groot sondes en nou raak die oupas, oumas, pastore en dominees en sielkundiges gereed met al hulle verduidelikings en oplossings! Hierdie skoon wit papier is nou vol groot vuil kolle en swart strepe... Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus.

Woensdag

Efe. 1: 1 – 14; Mat. 3: 13 – 17. Teks Efe. 1: 13 In Christus het die Heilige Gees wat deur God belowe is, julle as die eiendom van God beseël. Tema: "Die doop bevestig dat Christus ons in sy menswees insluit." Hoe kan ons en ons babatjies vandag en tot en met ons sterwe heilig en onberispelik wees (Efe. 1:4) voor God? Hoe kan ons skoon wees, al is ons 'n papier vol kolle en strepe op? Ons kan dit "in Christus" wees. Jesus wat self Skepper is, is met Kersfees ook as 'n babatjie gebore om 'n skoon wit papier te wees. (Luk. 1:35) Maar toe laat Jesus Hom deur Johannes doop! Waarom? Johannes wou Jesus glad nie doop nie want Hy doop mense wie se sondes weggevat word deur die Here. Daarom weier hy om Jesus te doop. Jesus was en is vandag 'n skoon papier wat geen kol, streep of vlek op het nie! Hy is heilig, sonder smet en onberispelik. Jesus beveel Johannes egter om Hom te doop, nie omdat Jesus se sondes weggevat was nie (want Hy hét nie sonde óm weggevat te word nie), maar sodat Jesus "op hierdie manier alle geregtigheid vervul." Mat. 3: 15 (Direkte Afrikaanse Vertaling) Dit beteken Jesus laat Homself doop sodat Hy sy kinders se sondes sal wegvat sodat hulle altyd sonder enige kol, streep of vlek voor God sal kan leef. Jesus se doop maak Hom 'n koevert! 'n Koevert is 'n skoon en wit papier wat so opgevou is dat dit nou 'n koevert is! Nou kan ons briewe (vol kolle en strepe) binne in die koevert insit en toeplak. Jesus het Homself laat doop sodat Hy vir ons 'n koevert kan wees. Dit is sodat Hy vir ons 'n mens kan wees by wie ons ingesluit, ingesit en toegeplak kan wees. Dit is wat die woorde "in Christus", "deur Christus" en "met Christus" in die Bybel beteken. Christus verenig ons met Hom deur ons in Homself as mens in te sit en ons binne in sy menswees toe te plak. Nou is ons "in Christus" soos 'n papier binne in 'n koevert is. Dit is wat babatjies se doop ons wys! Die Heilige Gees het hulle in Christus ingesit en toegeplak en nou is hulle sondes in Christus en Christus se skoon wit lewe laat hulle vir God heilig en onberispelik wees. Hulle doop wys hulle is ingedoop, ingesluit binne Jesus Christus. (Efe. 1:4) Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag

Efe. 1: 1 – 14; Mat. 3: 13 – 17. Teks Efe. 1: 13 In Christus het die Heilige Gees wat deur God belowe is, julle as die eiendom van God beseël. Tema: "Die doop bevestig dat Christus ons in sy menswees insluit." Die "seëninge van die Gees" beteken Christus vat al ons kreukels, kolle en strepe en maak dit Syne binne in Homself, net soos die papier se vuilheid nou binne die koevert die koevert s'n is, en dan vat Hy al sy onskuldigheid, reinheid, regverdigheid, smetloosheid en onberispelikheid en laat dit ons s'n wees. Alles wat die skoon koevert is waarbinne ons nou ingesluit is, is ons eie en tel vir ons! Dit is nou ons seëninge. Dit is hoekom ons babas doop! Die doopwater wys Jesus het hul vuilheid Syne gemaak binne in Homself net soos die koevert, en Jesus het sy heiligheid en onberispelikheid hulle s'n gemaak. Christus verseël ons met die doop. Wanneer ons 'n seël op hierdie koevert plak dan is dit 'n bewys: "alles is vir altyd klaar betaal". Seëls is nie plakkertjies nie. Ons plak mooi prentjies, plakkertjies, van karre, harte en skoenlappers op papiere om dit mooi te laat lyk. Seëls laat ons nie mooi lyk nie maar is die bewys: "alles is klaar betaal". Die doop wys al ons sondes vandat ons babatjies is tot ons eendag hemel toe gaan, is almal klaar betaal deur Jesus. Ons betaal of vergoed nooit weer enige iets vir ons sondes vir God nie. Ons en ons babatjies is net soos hierdie koevert geadresseer en gewaarborg! Ons het die adres op ons: "Ons behoort aan God die Vader, ons is sy kinders". (Efe. 1:1, 5) Ons is gewaarborg. Jesus het aan ons die Heilige Gees as 'n gawe gegee en Hy is vir ons die poskantoor. Hy sorg altyd dat ons op reis is met die Vader as ons adres en ons bestemming. So! Ons doop ons babas as teken: ingesit in Jesus, deel van sy seëninge, beseël (alles is klaar betaal!), met die Vader as hul adres en die Heilige Gees as hul waarborg – gedoop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za
Ds. Petrus

Vrydag

Efe. 1: 1 – 14; Mat. 3: 13 – 17. Teks Efe. 1: 13 In Christus het die Heilige Gees wat deur God belowe is, julle as die eiendom van God beseël. Tema: "Die doop bevestig dat Christus ons in sy menswees insluit." Skelm en onderduimse dominees! Daar is regtig sulke dominees. Paulus wys dat sulke dominees lidmate en kinders van Christus af wil wegvoer sodat jy nie in en by Christus is nie, maar op 'n plek waar hulle jou wil hê om met jou te kan maak net wat hulle wil en met jou te mors net soos hulle wil. (Efe. 4: 14, 15) Hierdie skelms vertel lidmate dat Jesus nie babatjies insit en toeplak binne in Homself nie. Hulle sê die rede daarvoor is omdat babatjies nog nie sondes gedoen het nie. Hulle is nog mooi skoon papiere sonder kolle, strepe of vuilplekke op! Daarom is dit nie vir hulle nodig om ingesluit te wees binne in Jesus nie! Hulle mislei ouers só! Kinders is werklik nog skoon papiere sonder kolle en strepie, hulle dóén nie sondes, maar... hulle is opgefrommel en vol plooië en voue. Dit is hoe babatjies is! Hulle het nog glad nie enige sonde gedoen nie, maar hulle word met sondige plooië en voue gebore. Hulle is van geboorte af gekreukel. Dit noem die Bybel hulle sondige natuur. Daarom sit Jesus babatjies ook binne in Homself en plak hulle binne in Homself toe, want dan is hulle kreukels en voue Syne en sy mooi glad buitekant as koevert is hulle s'n. Sy gladde mooi kante tel vir hulle

kreukels en plooië. Hulle moet ook deur Jesus ingesluit word binne in Homself om heilig en rein te wees. Hulle word nie heilig en rein gebore nie. Skelm dominees maak so met babas en kinders! Net soos 'n mens 'n skerp mes vat en 'n koevert oopskeur en die papier uithaal sodat sy kolle en strepe kan wys, probeer hulle babas en kinders uit Christus skeur en vir hulle sê hulle moet met hulle sondige nature buite Christus voor God gaan staan sodat God met hulle oor hul sondige nature kan praat terwyl hulle BUIITE Christus is. Hulle mislei kinders om te glo hulle is buite Christus. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Saterdag ekstra

Efe. 1: 1 – 14; Mat. 3: 13 – 17. Teks Efe. 1: 13 In Christus het die Heilige Gees wat deur God belowe is, julle as die eiendom van God beseël. Tema: "Die doop bevestig dat Christus ons in sy menswees insluit." Hoekom skeur skelm dominees babas en kinders van gelowige ouers uit Christus? Hulle wil hê hulle moet een of ander tyd voor God buite Christus met hul sondes gaan staan en mooi pleit en kerm dat God hulle nie in die asblik gooi nie. Wanneer hulle dit doen, dán vertel hulle vir die kinders hulle het nou tot bekering gekom deur 'n nuwe blaadjie om te slaan, net soos jy 'n papier vol strepe en kolle na sy anderkant toe omdraai. Dan doen hulle 'n baie skelm ding. Hulle doop jou en vertel jou, jou doop is 'n prentjie wat wys jy is 'n nuwe mens wat 'n nuwe blaadjie omgeslaan het. Dit is soos om 'n seël sommer op 'n papier te plak wat nie in 'n koevert is nie. Nou wys die doop nie "Jesus het alles vir altyd klaar betaal nie", maar dit wys jǒú mooi bekering. Jou doop beteken glad nie meer: "In Christus ingesit en alles klaar betaal nie." Dit is nou iets anders. Nou maak hierdie skelms asof hierdie seël wys jý het 'n nuwe blaadjie omgeslaan! Hulle maak van die doop nou 'n mooi prentjie net soos al die ander mooi prentjies van karre, hartjies en skoenlappers, en vertel jou jou doop wys hoe mooi is jy nou na jý 'n nuwe blaadjie omgeslaan het. Plakkertjies is mooimaak goed! Hierdie skelm dominees se plakkertjies is nuwe rituele wat hulle gebruik elke keer as jy weer wil skoon en rein wil wees: jy moet deur 'n waterbak loop voor jy Sondag by die kerk kan ingaan, kinders moet deur swembaddens loop, met water gegooi word en met hul hande in water in die doopbak vroetel as hulle geloof bely, kerse opsteek en sondes op papiertjies op houtkruis vasspyker. Die dominee se plakkertjies wys hulle is weer nuwe mense! Kinders wie in Christus is, is een keer beseël vir altyd, behoort aan die Vader en het die Gees as waarborg vir altyd. Hulle dra nie skelm dominees se plakkertjies nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus